# AFRIKAANS HUISTAAL

**VRAESTEL 3**
**GRAAD 10**
**MEI 2019**

**PUNTE: 100** **TYD: 2 UUR**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur ’n breinkaart/ diagram/ vloeidiagram/ kernwoorde te gebruik) en jou werk taal versorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:
   AFDELING A: ongeveer 60 minute
   AFDELING B: ongeveer 60 (2 x 30) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

**Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 300–350 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer**

1.1 Ek wou nog... [50]

1.2 Die geskenk wat my lewe vir altyd verander het. [50]

1.3 Hoera, dis Vrydag! [50]

1.4 Die wêreld is partykeer 'n mallemeule en ek ly aan hoogtevrees [50]

1.5 Storieboekheld/in [50]

1.6 Elke foto vertel 'n storie. [50]


1.1 Kies EEN van die volgende visuele prikkels en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die nommer en jou eie titel/opskrif neer.

1.7.1



[50]

1.7.2



[50]

1.7.3



[50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies **TWEE** van die volgende onderwerpe en skryf 180–200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Toe jy ‘n vriend nodig gehad het was jou vriend daar vir jou. Nou besef jy die waarde van egte vriendskap.

Skryf ‘n BRIEF aan jou vriend/ vriendin waarin jy jou waardering teenoor hom/ haar uitspreek. [25]

### 2.2 HULDEBLYK

‘n Geliefde onderwyser van julle skool tree aan die einde van die kwartaal af.

Skryf ‘n HULDEBLYK oor dié onderwyser. [25]

### 2.3 FORMELE VERSLAG: OOGGETUIEVERSLAG

Een van die senior seuns het ‘n junior op die skoolterrein geboelie.
Jy het alles gesien.

Skryf die VERSLAG om aan die hoof voor te lê. [25]

### 2.4 BRIEF AAN DIE PERS

Jy is bekommerd oor die gebrek aan goeie maniere/hoflikheid/beleefdheid by jongmense. Skryf ‘n brief aan julle plaaslike koerant waarin jy jou waarnemings deel. Maak voorstelle van hoe hierdie situasie reggestel kan word.

[25]

## 2.5 DIALOOG

Skryf die gesprek tussen jou en die skoolhoof neer nadat jy as die skuldige een uitgewys is wat jou onderwyser 'n poets gebak het wat lelik skeefgeloop het. [25]

## 2.6 TYDSKRIFARTIKEL

Eerste afsprake is vir die meeste tieners altyd 'n groot kopseer.

Skryf 'n ARTIKEL waarin jy die moets en die moenies van 'n eerste afspraak bespreek. [25]

**TOTAAL AFDELING B: [50]**

**GROOTTOTAAL: [100]**